

Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie

Hersiening van Namibië se Wet op Geboorte-, Huwelik- en Sterfteregistrasie van 1963

WAT DINK JY MOET DIE NUWE WET SÊ?



Regulasies oor geboorteregistrasie en kinders se vanne

Die Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie is tans besig om die Wet op Geboorte-, Huwelik- en Sterfteregistrasie van 1963 te vervang met 'n nuwe wet wat beter voorsiening sal maak vir Namibië se behoeftes en meer prakties sal wees. Die Ministerie wil graag die publiek se opinie hê oor wat die nuwe wet moet sê.

1. Die huidige regulasies oor vanne

- As die ouers getroud is, kry die kind die van wat die ouers gebruik. As die ouers verskillende vanne gebruik, kan hulle kies watter van hierdie vanne hulle vir die kind wil gee.
- As die ouers nie getroud is nie, kan die kind enige van die twee ouers se van kry.
 - Die kind kan die **pa se van** kry net as die ma en die pa al twee daartoe instem.
 - Die kind sal andersins die **ma se van** kry. Die pa hoef nie daartoe in te stem nie.

Grondwetlike sake

Die Namibiese grondwet verbied geslagsdiskriminasie. Dit kan so verstaan word dat albei ouers 'n reg het om hulle vanne met hulle kind te assosieer.

Partykeer wil mense 'n oom of 'n grootouer of 'n ander familielid se van vir hulle kind gee. In sommige gevalle kan 'n mens sê dat dit toelaatbaar moet wees omdat die familie se grondwetlike reg om hulle kultuur of tradisie te behou daardeur gerespekteer word.

2. Wat gebeur in ander lande?

In **Rwanda** is dit tradisie dat elke kind 'n unieke van kry wat nie dieselfde is as dié van enige ander familielid nie. 'n Van wat aan al die familieledede behoort, is ongewoon. Dieselfde van beteken nie familieverband nie.

In **Suid-Afrika** kan 'n kind wat binne die huwelik gebore word óf die ma se van óf die pa se van kry, of albei vanne kan saamgevoeg word om 'n dubbele van te vorm. As die kind buite die huwelik gebore word, geld dieselfde regulasies as in Namibië.

Die provinsie Ontario in **Kanada** se regulasies oor vanne is dieselfde vir kinders wat binne of buite die huwelik gebore word. As albei die ouers die kind se geboorte registreer, kan hulle ooreenkom om die kind die van te gee wat deur albei ouers gebruik word. OF as hulle verskillende vanne het, kan enige van die ouers se van of 'n dubbele of saamgestelde van bestaande uit albei hulle vanne gebruik word. As die ouers nie kan saamstem nie, kry die kind die familienaam of 'n dubbele van saamgestel uit albei ouers se vanne, in alfabetiese volgorde. As die ma die kind se geboorte registreer, en die pa is onbekend of word nie deur haar erken nie, kan sy haar van vir die kind gee.

In **Nieu-Seeland** kan die ouer of ouers wat die kind registreer, vir die kind enige van gee.

Baie geboortes in Namibië word geregistreer tydens geboorteregistrasieveldtogte wat deur hierdie Ministerie in afgeleë gebiede onderneem word.



Wat moet Namibië se nuwe wet sê?

- Drie basiese benaderings kan gebruik word vir vanne (met spesiale regulasies vir kinders van wie die ouers nie bekend is nie) :
 - Die kind se van kan **die van wees van een of albei die ouers**.
 - Die kind se van kan **die van wees van een of albei ouers, of enige ander van wat in ooreenstemming is met die kulturele tradisies van een of albei die ouers**.
 - Ouers moet toegelaat word om **enige van** wat hulle wil te gebruik al is dit nie die familie se van nie.

Watter van hierdie drie opsies sal die beste wees vir Namibië en *hoekom*?

- As die ouers se vanne verskil, mag die een ouer toegelaat word om die ander ouer se van vir die kind te gee sonder die ander ouer se toestemming, as daar 'n bewys van ouerskap is (byvoorbeeld 'n vaderskapstoets)?
- As die ouers se vanne verskil, moet hulle toegelaat word om die kind 'n **samstelling van al twee hulle vanne** te gee as hulle wil? Byvoorbeeld, as die pa se van Roos is, en die ma se van is Januarie, sal hulle die kind 'n van soos Roos-Januarie of Januarie-Roos kan gee?
- Wat moet gebeur as albei ouers die geboorte van die kind registreer, maar hulle **kan nie saamstem** oor wat die kind se van moet wees nie?



Stuur jou kommentaar na:
SMS: 081-6000098
Epos: feedback@mha.gov.na
Faks: 088-613693
Posadres: Posbus 604, Windhoek
Facebook: Hersiening van die Namibiese Wet op Geboorte-, Huwelik- en Sterfteregistrasie

Vir meer inligting oor die hersieningsproses van die wet, kontak die **Ondersekretaris van die Departement van Burgerlike Registrasie, Lydia Kandetu**, by die Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie in Windhoek: **lkandetu@mha.gov.na** of telefoonnommer **061-2922093**.



Plakkaat beskikbaar by www.mha.gov.na



Pamflette beskikbaar by www.mha.gov.na of www.lac.org.na

